**SOMERSTRAND GEMEENTE**

**Bybelstudie**

# Johannes 17

**Johannes 17:6-8**
**Groei nader aan mekaar**
**Ons behoort aan God en aan mekaar**

Groei

## Inleiding

**Bybelstudieteks: Johannes 17:9-10 en Handelinge 2:46,47**

Sondag se boodskap het gehandel oor Jesus wat vir sy dissipels [en alle gelowiges] bid, want hulle behoort aan die Vader en aan Hom. In Handelinge 2:46-47 lees ons dat die gelowiges van die eerste gemeente aanvaar het dat hulle aan mekaar behoort, omdat hulle aan God behoort toe hulle Jesus as hulle Verlosser aanvaar, en die Heilige Gees as gawe ontvang het. Hulle was eensgesind en het gereeld in die groot groep by die tempel vergader en ook in klein groepe in mekaar se huise.

In die Nuwe Testament lees ons op verskeie plekke, soos Galasiërs 3:27-28, van die Gemeenskap [Fellowship/Koinonia (Grieks)] wat tussen gelowiges bestaan. Dit verwys na die band van geloof wat hulle aan mekaar verbind, op grond van hulle gemeenskaplike geloof dat Jesus hulle Here en Verlosser is.

**Die gelykenis van die wingerdstok en die lote wat Jesus in Johannes 15:1-17 vertel, is 'n praktiese verduideliking van wat dit beteken om aan God en aan mekaar te behoort.**

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

## Bespreking

**Lees eers net Johannes 15:1-8.**

Wat sê hierdie verse oor die feit dat ons aan God en aan mekaar behoort:

- Hoe beskryf Jesus dit?
- Wat staan vir jou uit, as ons die gelykenis in terme van hierdie waarheid lees?
- Kan gelowiges op hulle eie funksioneer, sonder gemeenskap met ander gelowiges [lees vers 5] ?

Vers 7 sê watter waarde dit vir ons as gelowiges inhou.

Vers 8 sê watter waarde dit vir God se koninkryk inhou – en tegelykertyd ook vir ons as gemeente. Ons is tog deel van God se koninkryk hier in Somerstrand.

**Lees nou verse 9-17.**

Die kernboodskap in hierdie deel van Jesus se gelykenis is: **Liefde**.

- Hoe bring Jesus die opdrag van Liefde in verband met die waarheid dat ons aan God en aan mekaar behoort?
- Wat is die vrugte waarvan vers 16 praat?
- Hoe sal julle die inhoud van julle bespreking in twee sinne saamvat?
- Wat het vir jou duidelik geword oor die waarde van Groeigroepe in die gemeente?

**Het jy enige vrae na aanleiding van Johannes 15:1-17 oor Groeigroepe of Kleingroepe in die gemeente? Bespreek dit met mekaar en indien nodig, kontak vir ds. Vian of ds. Kobus vir duidelikheid en leiding.**

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## *Bybelstudie*
# Johannes 17

### Bid saam

- Dank die Here vir die feit dat ons aan Hom en aan mekaar kan behoort.
- Vra die Here om ons as gemeente te leer wat dit beteken om nader aan Hom en aan mekaar te groei, sodat mense wat Hom nie ken nie, deur hierdie getuienis tot geloof sal kom.
- **Voorbidding:** Is daar iemand in die groep wat voorbidding nodig het? Is daar 'n saak waarvoor julle as groep kan voorbidding doen?

### Diensbaarheid

Vra die Here om aan julle bekend te maak hoe en waar julle as groep in die gemeente of die gemeenskap betrokke kan raak. Moenie oorhaastig wees nie. Luister, en wag op die Here.

**Notas:**

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## Bybelstudie

# Johannes 17

**Bespreking met kinders**

| Groep | Onderwerp |
|---|---|
| Graad 8-11<br>Graad 4-7 | **Wingerdstok en Lote**<br>Gebruik weer die voorbeeld van die wingerdstok en die lote, maar maak dit nou meer prakties. bespreek die volgende punte:<br>• **Ondersteuning:** Ons weet dat dat 'n loot wat nie aan die wingerdstok vas is nie, verlep en daaodgaan. Maat die lote het mekaar ook nodig. Die lote bied 'n veilige en vaste struktuur vir mekaar. Hulle beskerm mekaar teen die elemente en hulle hou mekaar regop. "n loot wat alleen groei, raak lank en lomp en die wind waai hom stukkend.<br>• **Vrugdra:** 'n Loot wat alleen groei, kan nie optimaal vrug dra nie. Dis eers wanneer lote saam groei wat die beste vrugte gelewer word.<br>• **Prakties:** bespreek nou wat hierdie samewerking en struktuur vir ons as Christene beteken en inhou. |
| Graad 1-3<br>Voorskool | **Wingerdstok en Lote**<br>Gesels met jou kind oor 'n wingerdstok en lote. As julle 'n druiwepriëel in die tuin het, wys vir hom/haar hoe dit lyk as die lote inmekaar gevleg is en hoe hulle mekaar beskerm. Wys ook 'n tak wat nie deel is van die struktuur nie. Wys hoe die wind hom maklik heen en weer waai. Ander rankplante soos bougainvillea of jasmyn kan ook werk as illustrasie. |